# RESENSIES/REVIEWS

## O. Davies
## A THEOLOGY OF COMPASSION

2001. London: SCM Press.

Die paradigmaskuif van modernisme na post-modernisme het ongetwyfeld ook 'n Kopernikaanse omwenteling in die denke oor die wese van God te weeg gebring. 'n Deduktiewe, dogmatiese denke oor God, gefokus op die metafisiese attribute van God, word al hoe meer met 'n induktief-hermeneutiese en narratief-metaforiese verstaansmodel vervang. Binne die konteks van hierdie paradigmaskuif moet Peter Ocks se evaluering van Davies se boek verstaan word. Hy skryf: "A theology of compasion is a subtle, discerning, and loving reformation of the history of European metaphysics and theology".

Dat Oliver Davis op 'n nuwe en uiters bekwame wyse oor ons verstaan van God skryf, lei geen twyfel nie. Die outeur is baie opsigtelik goed oor die geskiedenis van die filosofie en die Europese teologie ingelig. Hy is ook uiters vaardig in 'n akademies-filosofiese kommunikasievermoë — wat David Ford se evaluering van die boek regverdig. Ford skryf: "This long-awaited book is theology of a high order".

'n Mens word onmiddellik daarvan bewus dat jy hier nie met ligte ontspanningsleesstof te doen het nie. Die titel, wat op 'n teologie van empatie dui, mag in die gees van die reeds-genoemde paradigmatiese denkskuif oor God se omgee handel en daarmee aansluit by ander populêr teologiese besinning oor God (Bv. Henry Nowen se *The wounded healer*). Die boek val egter heeltemal in 'n ander genre, naamlik van akademiese literatuur.

Davis poog om met hierdie formidabele teologies-filosofiese werk by 'n nuwe verstaan oor die synsvraag ("Wat beteken my bestaan?") uit te kom. In lyn met die *analogia entis* beredeneer die outeur dat die mens alleen die sin van sy bestaan in empatiese ko-eksistensie kan terugvind. In hierdie verband gebruik hy die beskrywende term "compasionate self" (p. 52). Die *empatiese self* word dan op analogiese wyse met die Goddelik-trinitariese empatie in verband gebring.

In sy beredenering oor God beoog die outeur om nuwe name vir God te ontdek ten einde oor ou Godsbeskouings nuut te kan nadink en nuut oor God te kan praat. 'n Metaforiese manier om na God te verwys, is dan

verkieslik indien ons die empatiese God en die empatiese self beter wil verstaan (p. 249).

Davis redeneer dat empatiese taal oor God nie in die eerste plek met die eiename van God verband hou nie. In die empatiese taal gaan dit eerder oor die selfopenbaring van God waaruit telkens God se empatiese betrokkenheid by die mens afgelei kan word. Dit lei hom daartoe om te formuleer: "God, who has revealed himself as the creator, has also said: speak of me as one who is compassionate" (p. 250).

'n Hermeneutiese godsbeskouing wat met God se selfopenbaring verband hou, prioretiseer die goddelike en menslike empatie as 'n verskynsel wat sy oorsprong in die wese en selfopenbaring van God vind en nie in die wese van die mens nie (p. 251).

Ou-Testamentiese en kontemporêre narratiewe word gebruik om die teologie van empatie en kommunikasie aan die orde te stel. Hoewel empatie die fokus van die studie is en op teologiese vlak uiters bekwaam hanteer word, verval die werk ongelukkig in die moeras van filosofiese teologie en kom dit dus nie binne die vaarwaters van die praktiese nood van die menslike bestaan en die talle vrae van gelowiges oor God en die kerk se daadwerklike betrokkenheid by die mens en sy wêreld van nood uit nie.

Ten spyte van hierdie leemte word die boek sterk aanbeveel vir teoloë wat in die filosofie en die sistematiese teologie belangstel en nog bereid is om met gewigtige teologie van 'n hoë standaard om te gaan.

Prof. J. Janse van Rensburg.
Dept. Praktiese Teologie, Universiteit van die Vrystaat.

P. Streiff

## RELUCTANT SAINT? A THEOLOGICAL BIOGRAPHY OF FLETCHER OF MADELEY

Translated from the German by G. W. Knowles.
2001. London, Epworth Press, ix + 406 pp.
ISBN 0 7162 0546 7. £19.95.

It was said of Martyn Lloyd-Jones that whenever he felt depressed he would retreat to the eighteenth century and refresh himself with the accounts of the great Methodist preachers and revivals of the era. Surely he would have